



Basaar in Kleinmond

Op Saterdag 7 April hou die Kleinmond-deel van die gemeente basaar.

Indien jy 'n opwindende idee het van iets wat by die basaar gedoen of verkoop kan word, kan jy gerus met iemand in die basaarkomitee praat.

At Bouwer	082 853 8315
Nienie Burger	083 757 0806
Koos de Wet	072 148 0823
Ninnie du Toit	082 419 2938

BYEENKOMS: ROOIELS EN PRINGLEBAAI

Die blokouderling, wyksouderlinge en dienswerkers moet kennis neem van 'n byeenkoms op 30 Januarie. Die tyd en plek sal in volgende week se Kerkklok gegee word.

GEBEDFOKUS

Die gemeente se gebedsgroep vra dat lidmate enige gebedsversoek deurstuur aan Cato Jacobs (☎3103) Alle versoeke sal streng vertroulik hanteer word.

SONDAGMIDDAG-ETE

Op Sondag 23 Februarie kan lidmate kom aansit vir 'n heerlike bord Sondag-kos en nagereg. Dit kos R75 per persoon en kaartjies is by die basaarsameroepers en die kerkkantoor beskikbaar. Eetgerei en glase word verskaf. Bring net eie drinkgoed.

Dit is 'n basaarfondsinsameling.



DIE KERKKLOK

DEUR GOD

die bron
van lig en lewe

LEWE ONS

Kerkkantoor: 0282713470

Leraars:

CN Malan 072 198 7279
drchristmalan@outlook.com

S Sass 072 352 8347
sassteven@hotmail.com

Webwerf: www.ngkkleinmond.co.za

21 Januarie 2018

Welkom by die Erediens



08:30	Kerksaal	Dr. Chris Malan
09:00	Hangklip Sentrum	Ds. Steven Sass
09:30	Kerkgebou	Ds. Jannie Hougaard

Deurkollekte: Studente-bearbeiding

EREDIENSTE SONDAG 28 JANUARIE 2018

08:30	Kerksaal
09:30	Kerkgebou
09:00	Sentrum in Bettysbaai

Deuroffer: Bediening aan die Dowes

ONS GEE OM



WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS. . .

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het. Ons dink veral aan Jan Luttig: Ba1, Johan Naudé (BB5), Hannelie Gerber (BB5) en Ettienne Gouws (BB5).

EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .

Baie geluk aan almal wat gedurende die week verjaar. In die besonder baie geluk aan almal wat vandag verjaar:
Bessie Fouche (PM3), Esther Steyn (Ba1),
René Wright (Ba3).

GEBEURTENISSE HIERDIE WEEK

Sondag	18:00	Bybelskool in kerksaal
Dinsdag	09:30	Aksie vir Barmhartigheid vergader
	18:00	Kommissie vir Administrasie vergader

MANNE-ONTBYT

As deel van die Wêreldbiddag vir Mans kombineer ons gemeente elke jaar die biddag met 'n ontbyt. Die geleentheid word vir die hele gemeenskap aangebied. Daar is 'n span mans wat die oggend aanmeld om die ontbyt te maak. Ons kort 'n persoon wat die beheer sal neem en net sal seker maak alles is reg en wat ook die prediker reël. Alles is op skrif om dit vir die persoon makliker te maak. As daar 'n man is wat lus is om hierdie taak oor te neem kan jy die kerkkantoor bel. Daar is gewoonlik so 80 na 100 mans wat die geleentheid bywoon.

HANGKLIP-STREEKKERKRAAD

Neem kennis van die vergadering om 18:00. Alle wyksouderlinge en dienswerkers en lidmate word na die vergadering uitgenooi.

WAAR KAN LIDMATE BETROKKE RAAK

EREDIENSWERKERS

Ons kort lidmate wat wil help met die opneem van kollekte tydens eredienste en die verwelkoming van lidmate by die kerkdeure. Ons probeer om iemand slegs een keer 'n maand 'n diensbeurt te gee. Enigeen wat daarmee wil help kan net die kerkkantoor bel
(☎028 271 3470)

HULP MET KLANK: MANS, VROUE, JONGMENSE

Aanvaar 'n lekker uitdaging hierdie jaar en meld jou aan om as klankman by die kerkdienste opgelei te word. Ook daarvoor kan jy by die kerkkantoor jou naam ingee. Om te hoor wat dit alles behels, kan jy met Wessel Coetzee praat (☎028 271 3470)
Ons is ook op soek na lidmate wat die uitsaaidiens by Kogelpark sal bywoon en bietjie tegnologie ingestel is om seker te maak alles loop daar reg. Hoe lyk dit met die jonger garde?

WARM BAADJIE BY DIE GRASDIENS

Na een van die grasdienste het daar 'n lekker warm baadjie agtergebly. Dit is by die kerkkantoor beskikbaar.

KLEIN BERLYN WOEKER

Op die aand van 16 Februarie 2018 wil ons die gemeente nooi om saam te kom kuier en/of ete weg te neem van **Lasange en slaai teen R40 en/of Kerrie vetkoek teen R30. Houers word verskaf.** Vir die saam kuier bring asseblief eie eetgerei asook vloeibare verversings. **Etes is beskikbaar vanaf 18:00.** Kaartjies kan gekoop word by die leiers van die 5-wyke asook by die kerkkantoor voor of op 14 Februarie 2018. Met jou samewerking kan ons 'n groot sukses daarvan maak!
ALLE FONDSE GAAN VIR DIE KERKBASAAR VAN 2018

BYBELSKOOL

Die Bybelskool begin vanaand om 18:00. Die onderwerp vanjaar is: **Hoe verstaan ek wat ek in die Bybel lees.**
Alle lidmate is baie welkom om in te skakel.